XVI. Machinery and mechanical appliances; electrical equipment; parts thereof; sound recorders and reproducers, television image and sound recorders and reproducers, and parts and accessories of such articles Masjinerie en meganiese toestelle; elektriese toerusting; onderdele daarvan; klankopnemers en -weergewers, televisiebeeld- en klankopnemers en -weergewers, en onderdele en bybehoorsels van sodanige artikels	1 973,2	1 650,7	107,0	91,1
XVII. Vehicles, aircraft, vessels and associated transport equipment Voertuie, lugvaartuie, vaartuie en verwante vervoertoerusting	1 102,2	701,6	61,2	55,7
XVIII. Optical, photographic, cinematographic, measuring, checking, precision, medical or surgical instruments and apparatus; clocks and watches; musical instruments, parts and accessories thereof Optiese, fotografiese, kinematografiese, meet-, kontroleer- presisie-, mediese of chirurgiese instrumente en apparate; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; onderdele en bybehoorsels daarvan	253,5	213,8	10,9	9,0

Sections—Afdelings	Imports—Invoere		Exports—Uitvoere	
	1989	1988	1989	1988
XX. Miscellaneous manufactured articles Diverse vervaardigde artikels	53,6	45,5	13,2	11,8
XXI. Works of art, collectors' pieces, and antiques Kunswerke, versamelaarsstukke, en antieke	2,7	4,9	1,5	1,8
Other unclassified goods and balance of payments adjustments Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings	761,6	913,6	3 702,0	3 763,3
Grand total—Groottotaal	6 562,9	5 409,3	7 651,6	6 951,6

(14 April 1989)

NOTICE 242 OF 1989

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

SOUTH AFRICAN PERMANENT BUILDING SOCIETY.—NOTICE IN TERMS OF SECTION 11 (6) OF THE MUTUAL BUILDING SOCIETIES ACT, 1965

It is hereby notified for general information that the registration of the South African Permanent Building Society was cancelled on 31 March 1989, following the transfer of all its assets and liabilities to Nedbank Limited.

(14 April 1989)

NOTICE 243 OF 1989

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

NEDPERM BANK LIMITED.—NOTICE IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE BANKS ACT, 1965

It is hereby notified for general information that on 31 March 1989, the name of Nedbank Limited was changed to Nedperm Bank Limited.

(14 April 1989)

NOTICE 244 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF DELEGATES

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND AGRICULTURE

Ref. D5/7123

NOTICE OF EXPROPRIATION OF IMMOVABLE PROPERTY OTHER THAN A RIGHT (WITH OFFER)

Trustees of Vedic Samshan Fund

1. Kindly take notice that the following immovable property together with all improvements thereon and all rights to minerals attaching thereto in respect of which you are the owner, is hereby expropriated in terms of section 2 (1) of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975), on behalf of the Republic of South Africa:

A portion of Remainder of the Subdivision F1 of the Remaining Portion of Lot 9 of 1527 on the north bank of the river Umgeni, in the County of Victoria in extent ±3454 m^2. (Three thousand four hundred and fifty-four square metres) held by deed of Transfer 3607/1922.

2. The expropriation shall take effect on 21 April 1989, from which date the ownership of the expropriated property shall vest in the State.

KENNISGEWING 242 VAN 1989

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

SUID-AFRIKAANSE PERMANENTE BOUVERENIGING.—KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 11 (6) VAN DIE WET OP ONDERLINGE BOUVERENIGINGS, 1965

Hierby word ter algemene inligting bekendgemaak dat die registrasie van die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging op 31 Maart 1989 gekanselleer is, volgende op die oordrag van al sy bates en laste aan Nedbank Beperk.

(14 April 1989)

KENNISGEWING 243 VAN 1989

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

NEDPERM BANK BEPERK.—KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 12 (1) VAN DIE BANKWET, 1965

Hierby word, vir algemene kennisname, bekendgemaak dat die naam van Nedbank Beperk op 31 Maart 1989 tot Nedperm Bank Beperk verander is.

(14 April 1989)

KENNISGEWING 244 VAN 1989

ADMINISTRASIE: RAAD VAN AFGEVAARDIGDES

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN LANDBOU

Verw. No. D5/7123

ONTEIENINGSKENNISGEWING VAN ONROERENDE EIENDOM ANDERS DAN IN REG (MET AANBOD)

Gevolmagtigde van Vedic Samshan Fund

1. Geliewe kennis te neem dat die volgende onroerende goed hierby kragtens artikel 2 (1) van die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), ten behoewe van die Republiek van Suid-Afrika onteien word:

'n Gedeelte van die Oorblyfsel van Onderverdeling F1 van die Oorblywende Deel van Perseel 9 van 1527 op die noordbank van die Umgenirivier, in die graafskap Victoria in oppervlakte ±3454 m^2 (drieduisend vierhonderd vier-en-vyftig vierkante meter): Titel Bewys No. 3607/1922.

2. Die onteiening word van krag op 21 April 1989 op welke datum die reg wat hierby onteien word, op die Staat oorgaan.

3. In terms of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975)—

(a) the total amount of R53 900 (fifty-three thousand and nine hundred rand) being R49 000 compensation and R4 900 solatium is hereby offered as compensation in terms of section 12 (1) (a) and (2) of the said Act (hereinafter referred to as the offer of compensation).

(b) your attention is invited to the fact that the offer of compensation—

(i) can be withdrawn if a lessee, share-cropper or builder has a right contemplated in section 9 (1) (d) (i), (iii) or (iv) of the said Act in respect of the property;

(ii) shall, in terms of the provisions of section 10 (5) of the said Act, be deemed to have been accepted by you if an application for the determination of the compensation is not made to a compensation court or division of the Supreme Court with jurisdiction within eight months (or such longer period as the Minister may allow) from the date of the offer of compensation, unless it has prior to the expiration of this period, been agreed to submit the dispute regarding the amount of compensation to arbitration or to have the compensation determined by a compensation court.

(c) you are hereby requested to deliver or cause to be delivered to me within 60 days from the date of notice to the address at the bottom of this notice a written statement in which the following is set out:

(i) Whether you accept the amount of compensation mentioned herein or, if you refuse it, what total amount is claimed by you as compensation and how much of that amount represents each of the respective amounts contemplated in section 12 (1) (a) and (2) of the said Act and full particulars as to how such amounts are made up;

(ii) if you refuse the offer of compensation, full particulars of all improvements on the expropriated property which, in your opinion, affect the value of the land;

(iii) the following particulars where applicable;

(aa) if prior to the date of notice, the land was leased for business or agricultural purposes by unregistered lease, the name and address of the lessee, accompanied by the lease or a certified copy thereof if it is in writing, or full particulars of the lease if it is not in writing;

(bb) if prior to the date of notice, the land was sold by you as owner, the name and address of the buyer, accompanied by the contract of purchase and sale or a certified copy thereof;

(cc) if a building has been erected on the land and such building is subject to a builder's lien by virtue of a written building contract, the name and address of the building contractor, accompanied by the building contract or a certified copy thereof;

(dd) if on the date of notice the land was farmed by a share-cropper the name and address of such share-cropper accompanied by the share-cropper contract or a certified copy thereof if it is in writing, or full particulars of contract if it is not in writing.

3. Ingevolge die bepalings van die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975)—

(a) word die totale bedrag van R53 900 (drie-en-vyftig duisend negehonderd rand) synde vergoeding van R49 000 en R4 900 (Solatium) hiermee as vergoeding ingevolge artikel 12 (1) (a) en (2) van gemelde Wet aangebied (hierna die vergoedingsaanbod genoem).

(b) word u aandag daarop gevestig dat die vergoedingsaanbod—

(i) teruggetrek kan word as 'n huurder, deelsaaier of bouer 'n reg wat in artikel 9 (1) (d) (i), (iii) of (iv) van die gemelde Wet bedoel word, oor die eiendom het;

(ii) kragtens die bepalings van artikel 10 (5) van gemelde Wet deur u as aanvaar beskou sal word indien 'n aansoek om die vasstelling van die vergoedingsbedrag nie binne agt maande (of sodanige langer tydperk as wat deur die Minister bepaal mag word) vanaf die datum van die vergoedingsaanbod deur u by 'n vergoedingshof of 'n afdeling van die Hooggeregshof wat jurisdiksie het, ingedien word nie, tensy daar voor die verstryking van bedoelde tydperk ooreengekom is om die geskil aangaande die bedrag van die vergoeding na arbitrasie te verwys, of om sodanige bedrag deur 'n vergoedingshof te laat vasstel.

(c) U word hiermee versoek om binne 60 dae vanaf die kennisgewingsdatum aan my by die adres onderaan hierdie kennisgewing gemeld, 'n skriftelike verklaring te lewer of te laat lewer waarin die volgende aangedui word:

(i) Of u die vergoedingsbedrag hierin gemeld, aanneem of, indien u die bedrag nie aanneem nie, wat die totale bedrag is wat u as vergoeding eis en hoeveel van die bedrag onderskeidelik werklike geldelike verlies en ongerief soos in artikel 12 (1) (a) en (2) van genoemde Wet bedoel, verteenwoordig, asook volledige besonderhede van die samestelling van die onderskeie bedrae;

(ii) indien u die aanbod van vergoeding weir, volle besonderhede van alle verbeterings van die onteiende perseel, wat na u mening die waarde van die grond raak;

(aa) indien die grond voor die kennisgewingsdatum vir sake of landboudoeleindes verhuur is by wyse van 'n ongeregistreerde huurkontrak, die naam en adres van die huurder, vergesel van die huurkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie;

(bb) indien die grond voor die kennisgewingsdatum deur u as eienaar verkoop is, die naam en adres van die koper tesame met die koopkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan;

(cc) indien 'n gebou op die grond opgerig is wat onderworpe is aan 'n rentensiereg ten gunste van 'n bouer uit hoofde van 'n skriftelike boukontrak, die naam en adres van die bouaannemer, sowel as die boukontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan; en

(dd) indien dit grond is wat op die kennisgewingsdatum deur 'n deelsaaier bewerk is die naam en adres van die deelsaaier vergesel van die deelsaaierskontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie.

(iv) the address to which further documents in connection with the expropriation should be posted to you.

4. You are hereby also requested to deliver or cause to be delivered to me within 60 days from the date of notice the title deed(s) of the expropriated property or if this is not in your possession or under your control, written particulars of the name and address of the person in whose possession or under whose control it is.

5. The property hereby expropriated shall be taken into possession by the State on 20 June 1989.

6. For further particulars in connection with the notice of expropriation, or the expropriation are available on request from the undermentioned address.

J. J. MEIRING,

p.p. Minister of Local Government, Housing and Agriculture. (By virtue of Special General Power of Attorney No. 402 dated 1982).

Address: The Regional Representative, Department of Local Government, Housing and Agriculture, Administration: House of Delegates; Private Bag X54313, Durban, 4000.

Place: Durban.

Date of signature: 31 March 1989.

As witnesses:

1. J. Spencer.
2. R. Guruven.

(14 April 1989)

NOTICE 245 OF 1989

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATION.—LIST 10/89

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industry. Any objections to or comments on this representation must be submitted to the Board of Trade and Industry, Private Bag X753, Pretoria, 0001, within four weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

Vegetable fats and oils and their fractions: Coconut oil, palm kernel oil, hydrogenated, classifiable under tariff subheading 1516.20.20, from free of duty to 25 per cent *ad valorem*.

[BTI Ref. T5/2/3/2/1 (890149)]

Applicant:

Coco Oil (Pty) Ltd, P.O. Box 3113, Mandini, 4490.

Rebate of the duty (in Schedule 3) on:

Epoxy coating powders, classifiable under tariff subheading 32134.90.90, for the manufacture of metallised film capacitors.

[BTI Ref. T5/2/16/3/1 (890114)]

Applicant:

STC Components (Pty) Ltd, P.O. Box 286, Boksburg, 1460.

List 9/89 was published under General Notice 237 of 7 April 1989.

(14 April 1989)

(iv) Die adres waarheen verdere stukke in verband met die onteiening aan u gepos moet word.

4. U word ook hiermee versoek om binne 60 dae vanaf voormelde kennisgewingsdatum die titelbewys(e) van die grond wat deur die onteiening van gemelde reg geraak word, aan my te lewer, of, indien dit nie in u besit of onder u beheer is nie, skriftelike besonderhede van die naam en adres van die persoon in wie se besit of onder wie se beheer dit is, aan my te verstrek.

5. Die eiendom wat hiermee onteien word, word op 20 Junie 1989 deur die staat in besit geneem.

6. Verdere besonderhede in verband met die onteieningskennisgewing of die onteiening is beskikbaar vanaf die ondergenoemde adres.

J. J. MEIRING,

p.p. Minister van Behuising (kragtens Spesiale Algemene Volmag No. 402 gedateer 1982).

Adres: Die Streekverteenwoordiger, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, Commercial Citygebou, Commercialweg 40, Durban, 4001; Privaatsak X54313, Durban, 4000.

Plek: Durban.

Datum van ondertekening: 31 Maart 1989.

As getuies:

1. J. Spencer.
2. R. Guruven.

(14 April 1989)

KENNISGEWING 245 VAN 1989

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEK.—LYS 10/89

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, gerig word.

Verhoging van die reg op:

Plantaardige vette en olies en fraksies daarvan: Klapperolie, palmpitolie, gehidrogeneerd, indeelbaar by tariefsubpos 1516.20.20, van vry van reg tot 25 persent *ad valorem*.

[RHN-verw. T5/2/3/2/1 (890149)]

Applikant:

Coco Oil (Edms.) Bpk., Posbus 3113, Mandini, 4490.

Korting van die reg (in Bylae 3) op:

Epoksidekpoeiers, indeelbaar by tariefsubpos 3214.90.90, vir die vervaardiging van gemetallisseerde filmkapasitors.

[RHN-verw. T5/2/16/3/1 (890114)]

Applikant:

STC Components (Edms.) Bpk., Posbus 286, Boksburg, 1460.

Lys 9/89 is by Algemene Kennisgewing 237 van 7 April 1989 gepubliseer.

(14 April 1989)

NOTICE 246 OF 1989

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

It is hereby notified for general information that the General Industries Workers' Union of South Africa has with effect from 20 March 1989 in terms of section 4 (7) of the Labour Relations Act, 1956, been registered as a trade union in respect of Black persons employed in the industries, as defined below, in the Magisterial Districts of Rustenburg and Brits;

(A) the Motor Industry in the Magisterial District of Brits and Rustenburg;

(B) the Baking and Confectionery Industry in the Magisterial District of Brits;

(C) the Commercial Distributive Trade in the Magisterial District of Brits;

(D) the Building Industry in the Magisterial District of Brits and Rustenburg;

(E) the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry in the Magisterial District of Brits;

(F) the Goods Transportation and Storage Trade in the Magisterial District of Brits and Rustenburg; and

(G) the Meat Trade in the Magisterial District of Brits.

For the purpose of the above—

(A) "Motor Industry" means (subject to the provisions of any demarcation determinations made in terms of section 76 of the Labour Relations Act, 1956) the industry concerned with—

(a) assembling, erecting, testing, remanufacturing, repairing, adjusting, overhauling, wiring, upholstering, spraying, painting and/or reconditioning carried on in connection with—

(i) chassis and/or bodies of motor vehicles;

(ii) internal combustion engines and transmission components of motor vehicles;

(iii) electrical equipment connected with motor vehicles, including radios;

(b) automotive engineering;

(c) repairing, vulcanising and/or retreading tyres;

(d) repairing, servicing and reconditioning batteries for motor vehicles;

(e) the business of parking and/or storing motor vehicles;

(f) the business conducted by filling and/or service stations;

(g) the business carried on mainly or exclusively for the sale of motor vehicle parts and/or spares and/or accessories (whether new or used), whether or not such sale is conducted from premises which are attached to a portion of an establishment in which the assembly or repair of motor vehicles is carried out;

(h) the business conducted by motor graveyards;

(i) the business conducted by assembly establishments;

KENNISGEWING 246 VAN 1989

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die General Industries Workers' Union of South Africa met ingang van 20 Maart 1989 ingevolge artikel 4 (7) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, as 'n vakvereniging geregistreer is ten opsigte van Swart persone in diens in die nywerhede soos hieronder omskryf, in die landdrosdistrikte Rustenburg en Brits:

(A) die Motornywerheid in die landdrosdistrikte Brits en Rustenburg;

(B) die Bak- en Banketnywerheid in die landdrosdistrik Brits;

(C) die Kommersiële Distribusiebedryf in die landdrosdistrik Brits;

(D) die Bounywerheid in die landdrosdistrikte Brits en Rustenburg;

(E) die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid in die landdrosdistrik Brits;

(F) die Goederevervoer- en Opbergingsbedryf in die landdrosdistrikte Brits en Rustenburg; en

(G) die Vleisbedryf in die landdrosdistrik Brits.

Vir die doeleindes van bostaande beteken—

(A) "Motornywerheid" (behoudens die bepalings van enige afbakeningsvasstellings gemaak kragtens artikel 76 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956) die nywerheid wat te doen het met—

(a) montering, oprigting, toetsing, hervervaardiging, herstelwerk, verstelwerk, opknapping, bedrading, stoffering, bespuiting, verfwerk en/of vernuwing uitgevoer in verband met—

(i) onderstelle en/of bakke van motorvoertuie;

(ii) binnebrandenjins en transmissiekomponente van motorvoertuie;

(iii) elektriese uitrusting in verband met motorvoertuie, met inbegrip van radio's;

(b) motoringenieurswerk;

(c) die herstel, vulkanisering en/of versoling van buitebande;

(d) die herstel, versiening en vernuwing van batterye vir motorvoertuie;

(e) die besigheid gedryf deur ondernemings vir die parkering en/of stalling van motorvoertuie;

(f) die besigheid gedryf deur vul- en/of diensstasies;

(g) die besigheid hoofsaaklik of uitsluitlik gedryf vir die verkoop van motorvoertuigonderdele en/of -reserwedele en/of -bybehore (hetsy nuut of gebruik), afgesien daarvan of sodanige verkoop geskied vanuit 'n perseel wat verbind is aan 'n gedeelte van 'n bedryfsinrigting waarin die montering of herstel van motorvoertuie uitgevoer word, of nie;

(h) die besigheid gedryf deur motorslopingsondernemings;

(i) die besigheid gedryf deur monteerbedryfsinrigtings;

(j) the business conducted by manufacturing establishments in which motor vehicle parts and/or spares and/or accessories and/or components are fabricated;

(k) vehicle body building;

(l) the sale of tractors and agricultural and irrigation equipment (not connected with the manufacture thereof);

and for the purposes of this definition—

"automotive engineering" means the reconditioning of internal combustion engines or parts of these for use in motor vehicles in establishments mainly or exclusively so engaged, whether such establishments dismantle and repair motor vehicles or not;

"motor vehicle" means any wheeled conveyance propelled by mechanical power (other than steam) or electrically and designed for haulage and/or for the transportation of persons and/or goods and/or loads, and includes a trailer and a caravan but excludes any equipment designed to run on fixed tracks, a trailer designed to transport loads of 27 273 kg or over, or an aircraft;

"vehicle body building" means any or all of the activities carried on in a vehicle body building establishment, but excludes vehicle body build- ing done by assembly establishments incidental to the assembling of motor vehicles;

(B) "Baking and Confectionery Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the purpose of baking and/or making bread and/or confectionery, and includes—

(a) the baking and/or making of rolls, buns, currant bread, doughnuts, rusks, mosbolletjies, cakes, pastries, pies, yeast goods, and other bakehouse products of which dough or batter forms a component part;

(b) the manufacture of any commodity or ingredient used in baking or the making of confectionery if carried on by employers and employees engaged in the activities referred to in paragraph (a); and

(c) all activities carried on by such employers which are incidental to, connected with, or consequent on the activities referred to in paragraph (a), or the distribution of the products referred to therein, if carried on by such employers or their employees, including the distribution and/or sale and/or display of the said products from or at a baker's shop;

(C) "Commercial Distributive Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of conducting a shop and includes all operations incidental thereto carried on by such employers and their employees, but does not include—

(a) that section of the Trade in which the following is carried on:

(i) The sale or distribution or the sale and distribution by manufacturers (including cereal millers) of the goods manu-

(j) die besigheid gedryf deur vervaardigingsbedryfsinrigtings waarin motorvoertuigonderdele en/of -reserwedele en/of -bybehore en/of samestellende dele vervaardig word;

(k) voertuigbakbou;

(l) die verkoop van trekkers en landbou- en besproeiingsuitrusting (nie gekoppel aan die vervaardiging daarvan nie);

en vir die doeleindes van hierdie omskrywing beteken—

"motoringenieurswerk" die vernuwing van binnebrandenjins of onderdele daarvan vir gebruik in motorvoertuie in bedryfsinrigtings waarin hoofsaaklik of uitsluitlik sodanige werk verrig word, afgesien daarvan of in sodanige bedryfsinrigtings motorvoertuie uitmekaargehaal en herstel word of nie;

"motorvoertuig" enige wielvoertuig wat deur meganiese krag (uitgesonderd stoom) of elektries aangedryf word en ontwerp is vir trekvervoer en/of die vervoer van persone en/of goedere en/of vragte, en omvat dit 'n sleepwa en 'n woonwa, maar nie ook uitrusting wat ontwerp is om op vaste spore te loop, 'n sleepwa wat ontwerp is om vragte van 27 273 kg of meer te vervoer of 'n vliegtuig nie;

"voertuigbakbou" enige van of al die werksaamhede wat verrig word in 'n voertuigbakboubedryfsinrigting, maar omvat dit nie voertuigbakbou deur monteerbedryfsinrigtings verriggepaard met die montering van motorvoertuie nie;

(B) "Bak- en Banketnywerheid" die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om brood en/of banket te bak en/of te maak, en omvat dit—

(a) die bak en/of maak van broodrolletjies, bolletjies, korentebrood, oliebolle, beskuit, mosbolletjies, koek, fyngebakkies, pasteie, suurdeeggebak en ander bakkersprodukte waarvan deeg of beslag 'n samestellende deel vorm;

(b) die vervaardiging van enige kommoditeit of bestanddeel wat by bakwerk of die maak van banket gebruik word, indien uitgevoer deur werkgewers en werknemers wat betrokke is by die werksaamhede in paragraaf (a) bedoel; en

(c) alle werksaamhede wat deur sodanige werkgewers verrig word en wat gepaard gaan met, verband hou met of voortspruit uit die werksaamhede in paragraaf (a) bedoel, of die verspreiding van die produkte daarin bedoel, indien dit verrig word deur sodanige werkgewers en hul werknemers, met inbegrip van die verspreiding en/of verkoop en/of uitstalling van genoemde produkte vanuit of in 'n bakkery;

(C) "Kommersiële Distribusiebedryf" die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om 'n winkel te dryf en omvat dit alle daarmee gepaardgaande werksaamhede wat deur sodanige werkgewers en hul werknemers verrig word, maar omvat dit nie—

(a) die gedeelte van die Bedryf waarin die volgende gedoen word:

(i) Die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding deur vervaardigers (met inbegrip van graanmeule-

factures by them: Provided that this exclusion shall not apply—

(aa) in respect of the sale or distribution or the sale and distribution of goods from premises situated away from the factory premises, excluding—

(i) bread, biscuits, cakes and pastries; and

(ii) goods manufactured or produced to the order of any person and sold or distributed to any person for use or consumption by that person and not for resale by that person;

(ab) to a manufacturer's representative through whose activities goods of a manufacturer are sold or distributed or sold an distributed, and for this purpose "manufacturer's representative" means any person, other than and employee of a manufacturer, who as the agent of or otherwise on behalf of a manufacturer stores, displays or keeps for sale, goods or samples of goods manufactured by the manufacturer, obtains or receives, in any manner whatsoever, orders from persons for the purchase by them of such goods, and executes such orders or transmits them to the manufacturer for acceptance or otherwise;

(ii) the sale or distribution or the sale and distribution by manufacturers of the goods manufactured by them, from premises situated away from the factory premises if such sale or distribution or sale and distribution expressly falls within the scope of any determination applying to such manufacturers in respect of the manufacture of such goods;

(iii) the sale or distribution or the sale and distribution of the products of a bakehouse from the premises thereof;

(iv) the sale or distribution or the sale and distribution of stone, gravel, sand, roadbuilding material or similar products;

(v) the business of a quarry master;

(b) the business carried on under a wine and malt liquor licence;

(c) the business of a hawker or pedlar;

naars) van die goedere wat hulle vervaardig: Met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie van toepassing is nie—

(aa) ten opsigte van die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding vanuit persele weg van die fabriekspersele geleë van goedere, uitgesonderd—

(i) brood, beskuitjies, koek en fyngebakkies; en

(ii) goedere wat op die bestelling van enigiemand vervaardig of geproduseer is en wat verkoop of versprei word aan enigiemand vervaardig of geproduseer is en wat verkoop of versprei word aan enigiemand vir gebruik of verbruik deur hom en nie vir herverkoop deur hom nie;

(ab) op 'n vervaardigersverteenwoordiger deur wie se aktiwiteite goedere van 'n vervaardiger verkoop of versprei of verkoop en versprei word, en vir die doel hiervan beteken "vervaardigersverteenwoordiger" enigiemand, uitgesonderd 'n werknemer van 'n vervaardiger, wat as die agent van of andersins ten behoewe van 'n vervaardiger goedere of monsters van goedere wat deur die vervaardiger vervaardig is, opberg, vertoon of vir verkoop hou of bestellings op enige manier hoegenaamd verkry of ontvang van persone vir die koop deur hulle van sodanige goedere, en sodanige bestellings uitvoer of aan die vervaardiger deurstuur vir aanvaarding of andersins;

(ii) die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding deur vervaardigers van die goedere wat hulle vervaardig, vanuit persele weg van die fabriekspersele, geleë, indien sodanige verkoop of verspreiding of verkoop en verspreiding uitdruklik binne die bestek val van enige vasstelling wat ten opsigte van die vervaardiging van sodanige goedere op sodanige vervaardigers van toepassing is;

(iii) die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding van die produkte van 'n bakkery vanuit die perseel daarvan;

(iv) die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding van klip, gruis, sand, padboumateriaal of soortgelyke produkte;

(v) die besigheid van 'n steengroefbaas;

(b) die besigheid wat kragtens 'n wyn-en-bierlisensie gedryf word;

(c) die besigheid van 'n marskramer of 'n venter;

(d) the business carried on under the off-consumption privileges of a hotel liquor licence and which is subject to a wage regulating measure as defined in the Labour Relations Act, 1956;

(e) the the Business Equipment Industry, that is, the industry in which employers and employees are associated for the carrying on of any one or more of the following activities:

(i) Assessing the needs of business, industrial, State or other undertaking and organisations in regard to the use of business equipment and recommending equipment or systems to meet specific needs;

(ii) selling business equipment or the product of business equipment or leasing, letting, hiring or renting out business equipment, including the selling by the supplier of business equipment of parts or accessories or materials used in conjunction with the equipment supplied;

(iii) providing services to users of business equipment which are essential or incidental to the operation thereof, such as training the user's employees in operating the equipment, the design or implementation of accounting, business, data processing or office systems and the hiring of the services of specialist staff;

(iv) assembling, installing, maintaining, servicing or repairing business equipment;

but excluding the selling of business equipment or parts or accessories or materials therefor or the selling of the product of business equipment where such sale is not carried on in conjunction with any one or more of the activities referred to in (i), (iii) or (iv) above; and for the purposes of this definition "business equipment" means appliances, equipment, machines, devices and apparatus, operating according to manual photographic, mechanical, electrical, electrostatic or electronic principles or any combination of such principles, which are primarily intended for use in any one or more of the following activities: Accounting, calculating, data processing, data transmission, duplicating, word processing, document reproduction, document transmission, record keeping, record retrieval and banking or in business or office procedures and systems;

(f) the *Catering Trade*, that is, the trade in which employers and employees are associated wholly or mainly for the purpose of preparing, serving or providing meals or refreshments (whether liquid or otherwise) or both such meals and refreshments in or from any establishment or portion thereof, whether permanent, temporary, indoors or

(d) die besigheid wat kragtens die buiteverbruikvoorregte van 'n hoteldranklisensie gedryf word en wat aan 'n loonreëlende maatreël soos omskryf in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, onderworpe is;

(e) die Bedryfsuitrustingsnywerheid, dit wil sê die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is om enigeen of meer van die volgende werksaamhede te verrig:

(i) 'n Raming maak van die behoeftes van besigheid-, nywerheids-, Staats- of ander ondernemings en organisasies betreffende die gebruik van bedryfsuitrustings en uitrustings of stelsels aanbeveel wat in bepaalde behoeftes sal voorsien;

(ii) bedryfsuitrusting of die produk van bedryfsuitrusting verkoop of bedryfsuitrusting in bruikhuur gee, verhuur of uithuur, insluitende die verkoop, deur die verskaffer van bedryfsuitrusting, van onderdele of toebehore of materiaal wat gebruik word saam met die uitrusting wat verskaf word;

(iii) aan gebruikers van bedryfsuitrusting dienste lewer wat noodsaaklik is vir of gepaard gaan met die bediening van die uitrusting, soos die opleiding van die gebruiker se werknemers in die bediening van die uitrusting, die ontwerp of implementering van boekhou-, besigheids-, dataverwerking- of kantoorstelsels en die huur van die dienste van gespesialiseerde personeel;

(iv) bedryfsuitrusting monteer, installeer, onderhou, versien of herstel;

maar uitgesonderd die verkoop van bedryfsuitrusting of onderdele of toebehore of materiaal daarvoor, of die verkoop van die produk van bedryfsuitrusting waar sodanige verkoop nie saam met enigeen of meer van die werksaamhede in (i), (iii) of (iv) hierbo bedoel, geskied nie; en vir die doeleindes van hierdie omskrywing beteken "bedrysuitrus-ting" toestelle, uitrusting, masjiene, en apparaat wat handbedien-, volgens fotografiese, meganiese, elektrotegniese, elektrostatiese of elektroniese beginsels of enige kombinasie van sodanige beginsels werk en wat in eerste instansie bedoel is vir gebruik in enigeen of meer van die volgende werksaamhede: Boekhouding, berekening, dataverwerking, dataoorsending, duplisering, woordverwerking, dokumentreproduksie, dokumentoorsending, rekordhouding, rekordherwinning, en banksake doen, of in besigheids- of kantoorprosedures en -stelsel;

(f) die *Verversingsbedryf*, dit wil sê, die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is uitsluitlik of hoofsaaklik met die doel om etes of verversings (hetsy in vloeistofvorm of andersins) of sowel sodanige etes as verversings te berei, te bedien of te verskaf in of vanuit enige bedryfsinrigting of gedeelte daarvan, hetsy permanent, tydelik of binnens- of buitenshuis, asook wanneer sodanige bedry-

in the open air, also when carried on in or from one or more classes of premises or portions thereof—

(i) which are used as public restaurants, cafés or tearooms;

(ii) where meals or non-alcoholic drinks are served for consumption on the premises or provided for consumption off the premises;

(iii) where aerated or mineral waters are supplied in glasses or other containers for consumption on the premises;

(iv) where the above-mentioned activities are carried on in or in connection with any theatre, bioscope, bioscope-tea-room or any other entertainment or function;

and includes the supply of liquor in any such establishments or on any such premises in terms of a liquor licence under the Liquor Act, 1977, held by such employers, but does not include hotels, establishments trading exclusively under a wine and malt liquor licence, boarding-houses or accommodation establishments;

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities;

(g) the *Dairy Trade,* that is, the trade in which employers and employees are associated for the sale or distribution or the sale and distribution of—

(i) whole milk; and

(ii) other dairy produce, that is, without limiting the ordinary meaning of the term, cream, butter, cheese, buttermilk, skimmed milk, separated milk, cultured milk, sour milk and ice-cream, and of eggs and honey, is such sale or distribution or sale and distribution is in association with the sale or distribution or the sale and distribution of whole milk;

and includes all work incidental thereto;

(h) the *Eating-house Keeper Trade,* that is, the trade in which employers and employees are associated for the sale or supply of food or drink to persons other than Whites in any building, structure or premises where food or drink is sold or supplied for consumption on the premises, and includes all activities incidental thereto or consequent thereon;

(i) the *Liquid Fuel and Oil Trade,* that is, the trade in which employers and employees are associated for the purposes of receiving, packing, filling, storing, delivering, distributing or selling by wholesale or in bulk, as the case may be, of—

(i) any form of liquid fuel used for the purposes of driving internal combustion engines;

wighede uitgeoefen word in of vanuit een of meer klasse persele of gedeeltes daarvan—

(i) wat as openbare restourante, kafees of teekamers gebruik word;

(ii) waar etes of alkoholvrye dranke bedien word vir verbruik op die perseel of verskaf word vir verbruik weg van die persele;

(iii) waar spuit- of mineraalwater in drinkglase of ander houers verskaf word vir verbruik op die persele;

(iv) waar bogenoemde bedrywighede uitgeoefen word in of in verband met enige teater, bioskoop, bioskoopteekamer of enige ander vermaaklikheid of funksie;

en dit omvat die verskaffing van alkoholiese drank in so 'n bedryfsinrigting of op so 'n perseel kragtens 'n dranklisensie wat ingevolge die Drankwet, 1977, deur sodanige werkgewers gehou word maar uitgesonderd hotelle, bedryfsinrigtings wat uitsluitlik kragtens 'n wyn- en bierlisensie handel dryf, losieshuise of huisvestingsinrigtings;

en dit omvat voorts alle werksaamhede wat met enige van voormelde bedrywighede gepaard gaan of daaruit voortspruit;

(g) die *Suiwelbedryf,* dit wil sê die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding van—

(i) volmelk; en

(ii) suiwelprodukte, dit wil sê, sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking te beperk, room, botter, kaas karringmelk, afgeroomde melk, afgeskeide melk, aangesuurde melk, suur melk en roomys; en van eiers en heuning, indien sodanige verkoop of verspreiding of verkoop en verspreiding saam met die verkoop of verspreiding of die verkoop en verspreiding van volmelk geskied;

en dit omvat alle werk wat daarmee gepaard gaan;

(h) die *Eethuishouerbedryf,* dit wil sê die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die verkoop of verskaffing van voedsel of drank aan ander persone as Blankes in enige gebou, struktuur of perseel waar voedsel of drank vir verbruik op die perseel verkoop of verskaf word, en dit omvat alle werksaamhede wat daarmee gepaard gaan of daaruit voortspruit;

(i) die *Vloeibare Brandstof- en Oliebedryf,* dit wil sê die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die ontvangs, verpakking, vul, opberging, aflewering, verspreiding of verkoop in die groothandel of in groot maat, na gelang van die geval, van—

(i) enige vorm van vloeibare brandstof wat gebruik word vir die aandrywing van binnebrandenjins;

(ii) any form of lubricating oil or grease;

(iii) any form of oil, grease or product derived from oil if distributed by an employer engaged in (i);

and includes all operations incidential to, or consequent on, any of the aforesaid activities, but does not include any of the activities specified if carried on by an employer on the same premises in conjunction with any other trade or trades in which his employees on such premises, taken collectively, are mainly engaged;

(j) the *Meat Trade,* that is—

(i) the slaughtering of livestock;

(ii) the handling, preparation, preservation, sale or distribution of meat by any person who, in terms of a proclamation published under section 14 of the Marketing Act, 1968, is required to be registered with the Meat Board, or the business of selling or offering or displaying meat for sale in any quantity in a shop;

(iii) the sale in such shop, in conjunction with the sale of meat, of sausages, polonies, offal, ham, bacon, eggs, butter, poultry and salted, frozen or preserved meat or fish;

(iv) the purchase or sale of livestock if carried on in conjunction with any one or more of the activities mentioned under (ii);

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities, and for the purposes of this paragraph—

(aa) "meat" means meat intended for human consumption and includes venison, horse meat, donkey meat, rabbit meat, poultry and ostrich meat;

(ab) "livestock" means bulls, oxen, cows, heifers, tollies, calves, sheep, lambs, goats, pigs, horses, donkeys, game or other quadrupeds intended for human consumption, and includes poultry and ostriches;

(k) the *Motor Garage Trade,* that is, the business carried on by an employer in a shop—

(i) for the purposes of repairing, receiving, storing or providing garaging facilities for motor-cars, motor-cycles or other mechanically propelled vehicles for payment or reward and in which business the employer is wholly or mainly engage in selling one or more or all of the following articles or commodities, namely motor vehicles, motor vehicle accessories, parts or spares, whether new or not, or petrol or oil;

(ii) which is used wholly or mainly for the retail sale of petrol or oil or both;

(ii) enige vorm van smeerolie of ghries;

(iii) enige vorm van olie, ghries of produk wat uit olie verkry word, indien versprei deur 'n werkgewer betrokke by (i);

en dit omvat alle werksaamhede wat met enige van voormelde bedrywighede gepaard gaan of daaruit voortspruit, maar dit omvat nie enige van genoemde werksaamhede nie indien deur 'n werkgewer op dieselfde perseel uitgeoefen saam met enige ander bedryf of bedrywe waarin sy werknemers op sodanige perseel gesamentlik geneem, hoofsaaklik werksaam is;

(j) die *Vleisbedryf,* dit wil sê—

(i) die slag van lewende hawe;

(ii) die hantering, voorbereiding, preservering, verkoop of verspreiding van vleis deur enige persoon van wie ingevolge 'n proklamasie gepubliseer kragtens artikel 14 van die Bemarkingswet, 1986, vereis word om by die Vleisraad geregistreer te wees, of die besigheid om vleis in enige hoeveelheid in 'n winkel te verkoop of vir verkoop aan te bied of uit te stal;

(iii) die verkoop van wors, polonie, afval, ham, spek, eiers, botter, pluimvee en gesoute, bevrore of gepreserveerde vleis of vis in sodanige winkel, tesame met die verkoop van vleis;

(iv) die koop of verkoop van lewende hawe indien dit geskied tesame met een of meer van die bedrywighede by (ii) genoem;

en dit omvat alle werksaamhede wat met enige van voormelde bedrywighede gepaard gaan of daaruit voortspruit en vir doeleindes van hierdie paragraaf beteken—

(aa) "vleis" vleis wat vir menslike verbruik bedoel is, en omvat dit wilds-, perde-, donkie- en konynvleis, pluimvee en volstruisvleis;

(ab) "lewende hawe" bulle osse, koeie, verse, tollies, kalwers, skape, lammers, bokke, varke, perde, donkies, wild of ander viervoetige diere wat vir menslike verbruik bedoel is, en omvat dit pluimvee en volstruise;

(k) die *Motorgaragebedryf,* dit wil sê die besigheid wat gedryf word deur 'n werkgewer in 'n winkel—

(i) met die doel om motorkarre, motorfietse of ander meganies-aangedrewe voertuie teen betaling of beloning te herstel, in ontvangs te neem, of op te berg of motorhuisgeriewe daarvoor te verskaf en in welke besigheid die werkgewer uitsluitlik of hoofsaaklik betrokke is by die verkoop van een of meer van of al die volgende artikels of ware, naamlik motorvoertuie, motorvoertuigbybehore, -onderdele of -reserwedele, hetsy nuut of nie, of petrol of olie;

(ii) wat uitsluitlik of hoofsaaklik gebruik word vir die kleinhandelverkope van petrol of olie of albei;

(iii) in which or from which he sells used spare parts obtained from used motor vehicles broken up by him, whether or not such used spare parts are sold alone or in conjunction with new spare parts or accessories;

(l) the *Newspaper Publishing Trade,* that is, the trade in which employers and employees are associated for the publication of newspapers;

(m) the *Timber Trade,* that is, the trade in which employers and employees are associated for any one or more or all of the following purposes, namely the sale, distribution and preparation for sale of any one or more or all of the following articles, namely timber, wood or waste products from the processing of timber or wood, or both;

(n) the industries or trades defined in the following determinations or any determinations made in substitution of them, in the areas where such measures are applicable:

(i) *Wage Determination 445.*—Wool, Mohair, Hides and Skins Trade, Certain Areas, published under Government Notice No. R. 2109 of 20 September 1985;

(ii) *Wage Determination 409.*—Coal Trade, Certain Areas, published under Government Notice No. R. 1189 of 5 June 1981;

and for the purposes of this definition *"shop"* means—

(aa) any premises or any portion of any premises to which persons are invited or admitted for the purpose of purchasing, other than by public auction, the goods displayed or offered therein or thereon for sale or goods of the type so displayed or offered for sale;

(ab) any premises or portion thereof in which the goods referred to in paragraph (aa) are stored, unpacked or packed or from which such goods are delivered or despatched to persons referred to in the said paragraph purchasing such goods;

(ac) any premises in which goods are stocked and from which wholesale or retail orders are executed for the supply of such goods;

(ad) any immovable premises in or on which a manufacturer's representative carries on his business as such and in or on which goods for sale or samples of such goods are stored, displayed or kept;

(ae) any premises in which business is carried on under the off-consumption privileges of a hotel liquor licence;

(D) "Building Industry" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the industry in which employers and employees

(iii) waarin of waaruit hy gebruikte reserwedele verkoop wat verkry is van gebruikte motorvoertuie wat hy uitmekaar gehaal het, afgesien daarvan of sulke gebruikte reserwedele alleen verkoop word of saam met nuwe reserwedele of bybehore;

(l) die *Nuusbladuitgewersbedryf,* dit wil sê die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die publikasie van nuusblaaie;

(m) die *Timmerhoutbedryf,* dit wil sê die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir een of meer van of vir al die volgende doeleindes naamlik die verkoop verspreiding en voorbereiding vir verkoop van een of meer van of al die volgende artikels, naamlik timmerhout, hout of afvalprodukte van die bewerking van timmerhout of hout, of albei;

(n) die nywerhede of bedrywe omskryf in ondergenoemde vasstellings of in enige vasstellings wat ter vervanging daarvan gemaak word, in die gebiede waarin sodanige maatreëls van toepassing is:

(i) *Loonvasstelling 445.*—Wol-, Angorahaar-, Huid- en Velbedryf, Sekere Gebiede, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 2109 van 20 September 1985;

(ii) *Loonvasstelling 409.*—Steenkoolbedryf, Sekere Gebiede, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1189 van 5 Junie 1981;

en vir die doeleindes van hierdie omskrywing beteken "winkel"—

(aa) enige perseel of enige gedeelte van 'n perseel waarheen persone uitgenooi of waarin persone toegelaat word vir die koop, uitgesonderd per openbare veiling, van die goedere wat daarin of daarop vir verkoop uitgestal of aangebied word, of goedere van die soort wat aldus vir verkoop uitgestal of aangebied word;

(ab) enige perseel of gedeelte daarvan waarin die goedere bedoel in paragraaf (aa) geberg of uit- of ingepak word of van waar sodanige goedere afgelewer of versend word aan persone in genoemde paragraaf bedoel wat sodanige goedere koop;

(ac) enige perseel waarin goedere in voorraad gehou word en van waar groothandel- of kleinhandelbestellings uitgevoer word vir die lewering van sodanige goedere;

(ad) enige vaste perseel waarin of waarop 'n vervaardigersverteenwoordiger sy besigheid as sodanig dryf en waarin of waarop goedere vir verkoop of monsters daarvan geberg, uitgestal of gehou word;

(ae) enige perseel waarin besigheid gedoen word kragtens die buiteverkoopregte van 'n hoteldranklisensie;

(D) "Bounywerheid", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigerwys te beperk, die nywerheid waarin werkgewers en werknemers

are associated for the purpose of erecting, completing, renovating, repairing, maintaining or altering buildings or structures, and/or the making of articles for use in the erection, completion or alteration of buildings or structures, whether the work is performed, the material is prepared or the necessary articles are made on the sites of the buildings or structures or elsewhere, and *includes* all work executed or carried out by persons therein, who are engaged in the following trades or subdivisions thereof, but *excludes* clerical employees and administrative staff and the wiring of buildings or the installation in buildings of lighting, heating or other permanent electrical fixtures and the installation maintenance or repair of lifts in buildings:

(a) *Asphalting,* which includes covering floors or flat and/or sloping roofs or waterproofing or damp-proofing basements or foundations, whether or not with prepared roll proofing or asphalt sheeting having glazed or unglazed surfaces, and whether or not using tar, macadam, neuchatel, limmer or any other type of solid or semi-solid asphalt, mastic or emulsified asphalts or bitumens, applied either hot or cold to such roofs, floors, basements or foundations;

(b) *bricklaying,* which includes concreting and the fixing of concrete blocks (where mortar is used), slabs or plates, the tiling of walls and floors, the jointing of brickwork, pointing, paving, mosaic work, facing work in slate, in marble and in composition, drainlaying, slating and roof tiling;

(c) *french polishing,* which includes polishing with a brush or pad, and spraying with any composition;

(d) *glazing,* which includes the cutting and/or fixing of all kinds of glass or like products into the rebates formed in wood or metal doors, windows, frames or like fixtures, and all incidental operations;

